**Die Here Jesus het waarlik gesterf (OP254)**

**Joh 19:30-42**

**12 April 2026**

Tydens die afgelope twee geleenthede het ons stilgestaan by die kruisiging van die Here Jesus. Ons het daarop gelet dat Johannes juis wou uitlig dat die gekruisigde Here Jesus is enersyds die ware Koning van die ware Jode, en andersyds ook dat Hy die ware Hoëpriester is wat ware geregtigheid bewerk vir die wat in Hom glo. Laasweek het ons daarop gelet dat terwyl Hy aan die kruis gehang het, het Hy die beginsel van 'n nuwe gemeenskap van gelowiges gevestig deurdat Hy vir Johannes gesê het om Maria in sy huis te neem. Tydens daardie drie ure van duisternis het Hy die drie probleme waarmee die mensdom sedert die sondeval worstel, effektief aangespreek: Hy het die duiwel oorwin. Hy het deur die stort van Sy bloed ons sondeskuld aangespreek. En Hy het ook deur Sy kruisiging die bron van lewende water geword wat in gelowiges opborrel tot die ewige lewe – en sodoende het Hy ook die dood wat die gevolg is van die sonde, aangespreek. Dit was alles opgesluit in Sy woorde: "Dit is volbring!" Nadat Hy dit alles volbring het, het Hy ook gesê: "Ek is dors". Na die voltooiing van Sy verlossingswerk, was Hy dors – Hy het gedors na Sy hemelse Vader, Hy het gesmag daarna om in die tempel van Sy Vader te mag ingaan en om voor Sy hemelse Vader te mag verskyn.

Vandag wil ek stilstaan by die kernwaarheid dat die Here Jesus waarlik gesterf het. Dit is belangrik om deeglik te verstaan dat die Here Jesus waarlik gesterf het – immers, as die Here Jesus nie gesterf het nie, kon die Here Jesus ook nie opgestaan het uit die dood nie. Teen die tyd dat Johannes sy evangelie geskryf het teen die einde van die eerste eeu, was daar alreeds mense wat bevraagteken het of die Here Jesus werklik fisies gesterf het. En dit is steeds 'n vraag wat vandag ook gevra word. Johannes wil dat daar geen twyfel hieroor by ons moet bestaan nie. Kom ons kyk na Johannes se beskrywing.

Lees Joh 19:30. Nadat die Here Jesus gesê het: "Dit is volbring!", het Hy Sy kop vooroor gebuig en Sy Gees oorgegee. Let mooi op: Hý het Sy Gees oorgegéé. Hy was in beheer van Sy sterwe. Hy het dit persoonlik aktief gedoen. Hy het besluit wanneer Hy sou sterf. Hy het dit gewillig gedoen. Hy het Sy Gees oorgegee. Dit strook natuurlik met wat Hy al in Joh 10:18 gesê het: "Niemand neem dit (My lewe) van My weg nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het volmag om dit af te lê, en Ek het volmag om dit weer op te neem. Hierdie volmag het Ek van My Vader ontvang." Ons kan dus aflei dat die volmag wat die Here Jesus van Sy Vader ontvang het, was dat Hy mag sterf wanneer Hy alles volbring het. En daarom sterf die Here Jesus nou – alles was volbring.

Let op hoe vers 30 Sy sterwe beskryf: Hy het Sy Gees oorgegee. Luk 23:46 beskryf dit as: "Vader, in U hande gee Ek My Gees oor!" Dit is belangrik om raak te sien: Toe die Here Jesus gesterf het, het Sy liggaam aan die kruis agtergebly – maar Sy Gees was by die Vader in die hemel. Dit was daarom ook net Sy liggaam wat later begrawe sou word – Sy Gees was by die Vader. Dink daaraan: Laasweek het ons daaroor besin Sy uitspraak "Ek is dors", was juis 'n dors na Sy Vader, om by Hom te wees. Kort na daardie uitroep, het Hy vrywillig gesterf en Sy Gees aan Sy Vader oorgegee – in lyn met die volmag wat Hy van Sy Vader ontvang het. Kan jy jou die vreugde in die hemel indink – beide die vreugde van die Here Jesus, asook die vreugde van die Vader?

Opsommend: Die Here Jesus het werklik gesterf. Hy het vrywillig gesterf. Hy het gesterf toe alles volbring was. Hy het die volmag van die Vader gehad om toe te mag sterf. En toe Hy gesterf het, was Sy Gees by die Vader, en Sy liggaam het aan die kruis agtergebly. Die res van Johannes se beskrywing van Sy sterwe en begrafnis wat ons nou gaan oordink, het grotendeels die doel om ons te oortuig: Die Here Jesus het waarlik gesterf, sodat ons kan glo – soos wat vers 35 beskryf. Daarmee saam is dit

ook noodsaaklik om te verstaan Hy het waarlik gesterf, sodat ons later wanneer ons by die opstanding kom, kan verstaan Hy het werklik die dood oorwin.

Ek wil nou op drie punte fokus: (1) Gebeure wat die dood van die Here Jesus bevestig (Joh 19:31-37), (2) Die begrafnis van die Here Jesus (Joh 19:38-42), en (3) Die Here Jesus was op die Sabbatdag in die graf (Joh 19:31, 42).

<u>Gebeure wat die dood van die Here Jesus bevestig (Joh 19:31-37)</u>

Lees vers 31. Teen hierdie tyd verstaan ons dat die Here Jesus op die Voorbereidingsdag vir die sabbat gekruisig is – d.w.s. op die Vrydag voor die sabbatdag wat deel van die Paasfees was. Boonop was dit nou al iewers gedurende die middag van daardie Vrydag. Teen sonsondergang begin die sabbatdag. Die Jode het gevolglik vir Pilatus gaan vra dat die bene van die gekruisigdes gebreek moet word. Dit was tipies die gebruik van die Romeine om misdadigers wat gekruisig is aan die kruis te los tot hulle gesterf het. Dit kon baie lank duur – dit kon selfs dae lank duur. Die Jode het egter 'n wet gehad wat voorskryf dat gekruisigdes nie oornag aan die kruis gelaat mag word nie – lees Deut 21:22-23. Hiervolgens moes die liggame voor die aand verwyder word en begrawe word. Tipies het die Jode sulke misdadigers dan in 'n massagraf begrawe. Die rede waarom hulle gevra het dat die bene van die gekruisigdes gebreek moet word, was omdat dit die dood van die gekruisigdes sou verhaas. Nie net was daar die addidionele skok en bloedverlies wanneer hulle bene met 'n ysterinstrument geslaan is sodat hulle breek nie, maar boonop kon die misdadigers dan nie meer hulle liggame lig deur hulle bene te gebruik nie, wat beteken het hulle hele gewig het nou aan hulle arms gehang, en kort voor lank sou hulle nie meer hulle liggame kon oplig om asem te haal nie, en dan versmoor hulle.

Lees verse 32-33. Pilatus het die versoek toegestaan. Die soldate het dus begin om die taak uit te voer. Die ander twee misdadigers se bene is gebreek, maar toe hulle by die Here Jesus kom, sien hulle Hy is reeds dood. Nou is dit nie meer net vers 30 wat sê die Here Jesus is dood nie – selfs die soldate het dit bevestig.

Let op: Drie mense is gekruisig. Twee was nog nie dood nie – hulle bene moes gebreek word om te sterf. Maar die Here Jesus was wel reeds dood? Hoekom die verskil? Want die Here Jesus het nie gesterf toe Sy liggaam nie meer die pyn kon verduur nie – Hy het besluit om te sterf toe Hy verstaan het alles was volbring, in lyn met Sy volmag om Sy Gees aan Sy Vader oor te gee. Hy was bewustelik in beheer.

Lees vers 34. Een van die soldate het met 'n spies in die Here Jesus se sy gesteek, en onmiddelik het daar bloed en water uitgekom. Wel, as die Here Jesus nie voor hierdie spiessteek dood was nie, dan was Hy sekerlik nou dood. Daar was al baie spekulasie vanuit 'n mediese of fisiologiese oogpunt oor wat hier gebeur het: Moontlik het die spiessteek die Here Jesus se maag, long, diafragma en hart deurboor. Daar was al baie spekulasie oor die oorsprong van die bloed en die water wat uit die wond gekom het. Ek gaan nie aandag daaraan gee nie – want dit is eenvoudig nie die punt nie. Die punt is die Here Jesus was reeds voor die spiessteek dood. En as iemand nie oortuig is nie – na die spiessteek was Hy definitief dood.

Maar ek is oortuig Johannes, onder die leiding van die Heilige Gees, wil meer aan ons kommunikeer met die beeld van die bloed en die water wat uit die sy van die Here Jesus gevloei het.

- Kom ons besin eers oor die betekenis van die bloed: In Joh 6:53-54 het die Here Jesus vroeër gesê: "Amen, amen, Ek sê vir julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en Sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julle nie. Wie My liggaam eet en My

bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag laat opstaan." Voeg hierby wat Johannes in 1 Joh 1:7 skryf: Die bloed van die Here Jesus reinig ons van elke sonde. Dit is tog juis die rol van die Here Jesus as die ware Hoëpriester wat Sy bloed gestort het sodat ons van ons sondeskuld gereinig kan word – Hy bewerk geregtigheid vir die gelowiges. Die bloed wat uit Sy sy vloei, is 'n simbool van die geregtigheid wat Hy bewerk vir die gelowiges. Dit dui op hulle regverdigmaking.

- Maar wat nou van die water wat ook uit Sy sy gevloei het? In Joh 4:14 het die Here Jesus gesê: "Maar wie van die water drink wat Ek hom gee, sal tot in ewigheid nie dors kry nie. Die water wat Ek hom gee, sal in hom 'n fontein van water word wat opborrel tot die ewige lewe." Joh 7:38-39 sluit hierby aan: "Hy wat in My glo, soos wat die Skrif sê, 'Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.' Dit het Hy van die Gees gesê wat dié wat in Hom glo, sou ontvang. Die Gees was immers nog nie daar nie, omdat Jesus nog nie verheerlik was nie." Die water wat uit die Here Jesus se sy gevloei het, is dus 'n simbool van die Heilige Gees wat Hy beloof het en wat Hy later sou stuur, wat in die gelowiges sal werk, wat in die gelowiges sal opborrel, wat heiligmaking in hulle sal werk, wat tot gevolg sal hê dat hulle die ewige lewe sal ontvang.

Nadat die Here Jesus gesterf het, toe die soldaat bewys die Here Jesus het reeds gesterf, toe vloei daar bloed en water uit die Here Jesus se sy. Sy sterwe het tot gevolg dat daar van Hom geregtigheid en heiligheid uitvloei na die gelowiges toe. Hy het dit bewerk, en die Heilige Gees sal dit in hulle uitwerk. Kan ek jou herinner aan die woorde van die bekende lied wat dit alles opsom:

> "Rock of ages, cleft for me,
> Let me hide myself in Thee;
> Let the water and the blood,
> From Thy broken side which flowed,
> Be of sin the double cure,
> Cleanse from its guilt and power."

Lees vers 35. Hier maak Johannes die punt dat daar 'n getuie is wat gesien het hoe die water en die bloed uit die Here Jesus se sy gevloei het. Hierdie getuie getuig hieroor. Hierdie getuie weet dat dit die waarheid is waaroor hy getuig. En hierdie getuie getuig hieroor sodat Johannes se lesers ook tot geloof kan kom. Nou, daar is baie debat oor wie hierdie getuie is van wie Johannes hier praat. Ek gaan nie op die detail van die debat in nie. Persoonlik is ek oortuig Johannes verwys hier na homself. Ek noem kortliks 'n paar redes hoekom ek dink Johannes verwys na homself:

- Die feit dat Johannes sê die doel van hierdie getuie se getuienis is dat Johannes se lesers tot geloof kan kom, stem ooreen met Johannes se doel met sy hele evangelie – sodat sy lesers oortuig kan wees Jesus is die Christus, die Seun van God, en sodat die lesers deur te glo die lewe in Sy Naam kan hê (Joh 20:31)
- Johannes noem nie die getuie se naam nie, netsoos wat hy nooit sy eie naam noem nie.
- Dit is tog duidelik uit vers 26 dat Johannes by die kruis was, en dat hy heelwaarskynlik gesien het wat gebeur het toe die soldaat die spies in die Here Jesus se sy gedruk het. (Daar is persone wat redeneer na vers 27 het Johannes die kruis verlaat – ek vind dit hoogs onwaarskynlik.)
- In Joh 1:14 het Johannes gesê: "En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon, en ons het Sy heerlikheid aanskou..." – hieruit blyk dit dat Johannes die heerlikheid van die Here Jesus aanskou het, en ons het al in die verlede geredeneer dat die verheerliking van die

Here Jesus onder andere ook Sy sterwe insluit. En Johannes het dit gesien, en getuig daarvan.

Lees verse 36-37. En asof dit alles al nie genoeg bewys is dat die Here Jesus werklik gesterf het nie, voeg Johannes by dat Sy sterwe ook gepaard gegaan het met die vervullng van twee Ou Testamentiese Skrifuitsprake:

- Die Here Jesus se bene is nie gebreek nie, netsoos wat die paaslam se bene nie gebreek mog word nie (vgl Eks 12:46 of Num 9:12)
- Die soldaat se spiessteek is vervulling van Sag 12:10b waar daar staan: "En hulle sal kyk na My vir wie hulle deurboor het, en hulle sal oor Hom rou soos 'n mens rou oor 'n enigste seun, en hulle sal bitterlik huil soos 'n mens huil oor 'n eersgebore kind." Sagaria beskryf in hierdie gedeelte hoe die Here God die vyande van Jerusalem sal vernietig, en dan sal hulle besef hoe verkeerd hulle was toe hulle die Here Jesus (deur die soldaat) laat deurboor het.

Ek vat saam: Vers 30 sê die Here Jesus het besluit om te sterf, want alles was volbring, en Hy het die volmag van Sy Vader gehad om te sterf. Die soldate het bevestig dat die Here Jesus gesterf het. Die spiessteek van die soldaat het verder bevestig die Here Jesus het gesterf. Johannes is boonop self ook getuie hiervan. En Sy sterwe het ook nog plaasgevind op 'n wyse wat al vroeêr in die Ou Testament aangekondig is: Die punt is: Die Here Jesus het waarlik gesterf. Hiervan kan ons seker wees!

<u>Die begrafnis van die Here Jesus (Joh 19:38-42)</u>

Lees vers 38. Josef van Arimatea verskyn nou vir die eerste keer op die toneel. Uit die vier evangelies weet ons die volgende van Josef van Arimatea: Hy was 'n lid van die Sanhedrin, hy was ryk, hy het die koninkryk van God gesoek, en hy was 'n dissipel van die Here Jesus – maar net in die geheim. Uit Luk 23:51 weet ons ook dat hy nie met die Sanhedrin se besluit en optrede teen die Here Jesus saamgestem het nie. Tot dusver wou Josef sy volgelingskap van die Here Jesus geheim hou. Maar noudat die Here Jesus gesterf het, is hy bereid om daadwerklik op te tree. Skieleik het hy nuwe moed van oortuiging – waarskynlik het die kruisgebeure hom oortuig wie die Here Jesus werklik is. Na die Jode toestemming gekry het dat die gekruisigdes se bene gebreek mag word sodat hulle begrawe kan word, vra Josef vir Pilatus of hy die liggaam van die Here Jesus mag wegneem – en Pilatus stem in. Waarskynlik wou Pilatus die Jode nog verder irriteer – immers sou hulle wou hê die Here Jesus moet in 'n massagraf begrawe word – maar nou kan Josef besluit waar Hy begrawe gaan word.

Lees vers 39. Skielik verskyn Nikodemus ook weer op die toneel. Hy was die Fariseër wat in Joh 3 na die Here Jesus gekom het – maar in die nag. In 'n sekere sin is hy en Josef dieselfde: beide was volgelinge van die Here Jesus, maar in die geheim, en hulle wou nie hê hulle volgelingskap moes bekend wees nie. Maar skielik het Nikodemus ook die moed van sy oortuiging om in die openbaar na vore te kom. Hy bring mirre en adelhout om die Here Jesus se liggaam voor te berei vir die begrafnis. En hy bring baie: 'n honderd litra. Verskillende kommentatore werk dit om na verskillende hoeveelhede – maar almal stem saam: Nikodemus het baie gebring – dit was ver meer as waarmee 'n gewone Jood se liggaam mee behandel is, dit was eerder in lyn met die hoeveelheid waarme die liggaam van 'n koning behandel sou word.

Lees vers 40. Die Here Jesus se liggaam is in linnedoeke toegedraai. Die linnedoeke is styf om die liggaam gedraai, en die mirre en speserye is tussen die linnedoeke ingewerk. Die kop van die Here Jesus is afsonderlik met linnedoeke toegedraai, ook saam met die mirre en speserye. Lees verse 41-42. Naby Golgota was daar 'n tuin, en in daardie tuin was daar 'n graf. Hierdie graf was 'n nuwe graf

– dit beteken daar was nog nooit iemand in hierdie graf begrawe nie. Dit was die gebruik dat as iemand in 'n graf begrawe was, kon die graf later, nadat die liggaam vergaan het en die oorblywende bene in 'n nis gebêre is, weer gebruik word vir 'n volgende sterfgeval. Maar hierdie graf was nuut. Trouens, Mat 27:60 sê dit was die graf wat Josef vir homself voorberei het.

Geliefdes, hier het ons verdere bevestiging: die Here Jesus het waarlik gesterf. Hy moes dood gewees het, siende dat Sy liggaam, insluitend Sy kop, vir die periode wat Hy in die graf was, so styf toegedraai was in linnedoeke. As Hy nie dood was nie, sou Hy versmoor het. Maar ons moet meer hierin raaksien: As veroordeelde gekruisigde was die verwagting dat Hy as misdadiger in 'n massagraf sou eindig. Maar Hy het nie: Sy liggaam word deur twee ryk mans behandel. En dit word ryklik behandel – dit word behandel soos die liggaam van 'n gestorwe koning – immer is Hy die Koning van die konings. En Hy word in die graf van die ryk Josef van Arimatea begrawe. Let op, i.p.v. dat Josef daar begrawe is, word die Here Jesus daar begrawe. En dit is boonop 'n nuwe graf – dit is graf wat nog nooit die vergaan van 'n menslike liggaam ervaar het nie. En die liggaam van die Here Jesus sou ook nie vergaan nie. Nie net is Sy bene nie gebreek nie, Sy liggaam sou ook nie vergaan nie. Ons begin iets raaksien dat Sy sterwe en begrafnis voorwaar deel is van Sy verheerliking. Boonop, dit is net Sy liggaam wat in hierdie nuwe graf was – Sy Gees was by Sy Vader – juis waarna Hy gedors het na Hy Sy verlossingswerk aan die kruis volbring het.

<u>Die Here Jesus was op die Sabbatdag in die graf (Joh 19:31, 42)</u>

Ons het nou Johannes se beskrywing van die Here Jesus se dood en begrafnis oordink. Maar daar is tog nog 'n belangrike saak wat ons moet raaksien. Lees verse 31 en 42. Beide aan die begin en aan die einde van Johannes se vertelling, herinner hy ons dit was die Voorbereidingsdag vir die sabbat. Omdat dit die Voorbereidingsdag vir die sabbat was, daarom moes daar planne gemaak word dat die gekruisigdes sterf, dat hulle liggame van die kruis gehaal word, dat hulle begrawe word. Juis daarom was dit so gerieflik dat die graf van Josef van Arimatea so naby aan Golgota was – want nou was dit moontlik om die Here Jesus se liggaam betyds in die graf te kon neerlê en versorg. Ek glo dit is duidelik dat Johannes wil hê ons moet van die tydsberekening kennis neem.

Ons kan dus aflei dat die Here Jesus laat Vrydagmiddag in die graf neergelê is, waarskynlik kort voor sononder, wat die aanvang van die sabbat was. Lees Joh 20:1. Vroegoggend op die Sondagmore, selfs nog voor dit lig was gaan Maria Magdalena na die graf. En toe sy daarkom, was die graf reeds leeg. Ek dink dit is duidelik: Johannes wil hê ons moet verstaan die Here Jesus se liggaam was gedurende die sabbatdag in die graf. Hoekom is dit vir Johannes so belangrik om dit uit te lig?

Weereens is dit nodig dat ons moet teruggaan na die begin – na Gen 2:1-3: "So is die hemel en die aarde en alles wat daarby hoort, voltooi. God was op die sewende dag klaar met Sy werk wat Hy gedoen het; en Hy het op die sewende dag gerus van al Sy werk wat Hy gedoen het. God het die sewende dag geseën; Hy het dit heilig verklaar, want op dié dag het Hy gerus van al Sy werk – dit wat God geskep het deur dit te maak." Hier, nog voor die sondeval, het ons die instelling van die sabbatdag. Die sabbatdag was 'n besondere dag: dit was 'n dag wat die Here geseën en geheilig het – d.w.s. dit was 'n dag wat die Here afgesonder het van al die ander dae. En, let op, die Here gee ook vir ons die rede hoekom Hy hierdie dag afgesonder het van die ander dae: Want Sy skeppingswerk was klaar!

Later, toe die volk by Sinai was, het die Here aan hulle Sy wet gegee. Een van die tien gebooie is die vierde gebod, wat juis handel oor die onderhouding van die sabbatdag. En daar gee die Here weer die rede hoekom die sewende dag 'n sabbatdag, oftewel 'n rusdag, moet wees: "Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde en die see gemaak, en alles wat daarin is, maar op die sewende dag

het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig." Die sewende dag was 'n rusdag, oftewel 'n sabbatdag, omdat die Here se skeppingswerk na ses dae klaar was, en toe het Hy gerus van Sy skeppingswerk.

Toe ons 'n wyle gelede in detail deur Gen 1 en 2 gewerk het, het ons opgemerk dat alhoewel die Here God op die sewende dag gerus het, en alhoewel die sewende dag nog steeds voortduur, immers is Sy skeppingswerk klaar, beteken dit nie dat die Here God sedertdien ledig is nie. Ons het daarop gelet dat in Gen 3 begin die Here God werk aan Sy verlossingswerk. Die mens het in sonde geval, die Here rig die genadeverbond op, Hy beloof Een uit die nageslag van die vrou wat die kop van die slang gaan vermorsel, Hy beloof die klere van vel om Adam en Eva se naaktheid te bedek – en alles wat daarop volg.

As jy na Deut 5 blaai, en daar die Tien Gebooie lees, sien jy dat die vierde gebod bykans woordeliks herhaal word soos wat dit in Eksodus 20 opgeteken is – behalwe dat die motivering vir die onderhouding van die sabbatdag verander het. Deut 5:15 sê: "Jy moet onthou dat jy ook 'n slaaf was in Egipteland en dat die Here jou God met 'n sterk hand en uitgestrekte arm jou daar uitgelei het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die Sabbatdag te vier."

Sien jy die punt? Eks 20 sê die sabbatdag moet onderhou word, want die Here God het op die sewende dag gerus omdat Sy skeppingswerk klaar was. Deut 5 sê egter die sabbatdag moet onderhou word, want die Here God het die volk verlos uit Egipteland. Die punt is die sabbatdag was 'n dag om op te rus, sodat die volk kon dink: Hulle moes dink oor God se werk. En daar is twee groot dele van God se werk: Sy skeppingswerk en Sy verlossingswerk. En die sabbatdag moet gebruik word om oor altwee te dink. Die sabbatdag was egter juis die sewende dag – want in ses dae het die Here God alles geskep, en toe rus Hy op die sewende dag – want Sy skeppingswerk was klaar.

Kom ons keer terug na die Here Jesus. Die verlossing van die volk uit Egipte was 'n Ou Testamentiese tipe van die ware verlossingswerk wat die Here God deur die Here Jesus sou bewerk. Die kruisiging is die hoogtepunt van die verlossing. Laasweek het ons gesien hoe die Here Jesus aan die kruis daardie drie probleme wat met die sondeval ontstaan het, suksesvol aangespreek het en verlossing van aldrie bewerk het. En net voor Hy sterf, het Hy gesê: "Dit is volbring!" – kan ek maar Gen 2 se woorde gebruik: "Dit is klaar!" Soos wat die Here God gerus het na Sy skeppingswerk omdat dit klaar was, so kan die Here Jesus nou rus na Sy verlossingswerk aan die kruis klaar is – en daarom spandeer Sy liggaam die sabbatdag, die rusdag, in die graf – Sy liggaam rus van al die lyding wat dit ervaar het, en Sy Gees spandeer die sabbatdag in die hemel by Sy Vader, dit waarna Hy so gedors het aan die kruis. Daar word Sy dors geles – daar rus Hy van Sy verlossingswerk, soos wat die Here God gerus het van Sy skeppingswerk.

Kan ek nog 'n lyn trek: In Deut 12:10 beloof die Here aan die volk dat wanneer hulle oor die Jordaan trek en in die beloofde land kom, dan sal Hy vir hulle rus gee van al hulle vyande en hulle sal veilig woon – maar dan moet hulle die Here dien op die plek en wyse wat Hy beveel. In Jos 11:23 lees ons dat Josua die hele land verower het, soos die Here deur Moses beveel het, en toe het die land gerus van oorlog. In 2 Sam 7:1 lees ons dat Dawid gevestig was in sy paleis en dat die Here hom rus gegee het van al sy vyande rondom hom. Laasweek het ons daaroor besin dat die Here Jesus aan die kruis onder andere Sy vyand, die duiwel, oorwin het – en daarom mag Hy nou rus, soos die volk en Dawid.

Geliefdes, maar wat beteken dit alles vir ons? Die Hebreërskrywer sê in Heb 4 die rus van die volk in die beloofde land is nie die finale rus nie – dit wys vooruit na 'n ander rus. Hy maak dit duidelik nie almal sal hierdie finale rus ontvang nie. Hy verwys spesifiek na die Jode van destyds wat die evangelieboodskap gehoor het – maar tog het hulle ongehoorsaam gebly, en daarom sal hulle nie in

hierdie finale rus ingaan nie. In Heb 4:8-11 lees ons: "As Josua hulle dan tot rus gebring het, sou Hy (die Here Jesus) nie gepraat het van 'n ander dag daarna nie. Daar bly dus steeds 'n sabbastrus oor vir die volk van God. Want wie in sy rus ingegaan het, het self ook gerus van sy werke – soos God van Syne. Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand dalk in dieselfde patroon van ongehoorsaanheid verval nie." Ons kan nie die gedeelte nou in diepte oordink nie, maar let op die volgende:

- Daar is steeds 'n sabbatsrus wat beskikbaar is. Maar dit is nie beskikbaar vir almal nie. Dit is beskikbaar vir die volk van God. Dit is beskikbaar vir die wat nie in ongehoorsaamheid verval nie. Kortom, dit is beskikbaar vir die wat die bloed van die Here Jesus drink om geregverdig te word, en die water, wat na die Heilige Gees verwys, drink om heilig gemaak te word. Hulle mag in hierdie rus ingaan.
- Wat kan hierdie mense verwag as hulle in hierdie rus ingegaan het? Hulle sal kan rus van hulle werke, soos wat die Here God gerus het na die afhandeling van Sy skeppingswerk, en soos wat die Here Jesus gerus het na die afhandeling van Sy verlossingswerk. Van watter werke sal ons dan kan rus? Van al daardie skeppingsopdragte wat die Here God aan ons van die begin af gegee het. Hoekom kan ons dan daarvan rus? Want dan sal dit klaar wees! Soos die Here God se skeppingswerk klaar was, en die Here Jesus se verlossingswerk klaar was.

Maar wanneer kan ons verwag om in hierdie rus in te gaan? Kom ons lees Op 14:11-13: "En die rook van hulle foltering bly opstyg vir ewig en ewig, en hulle wat die dier en sy beeld aanbid, kry dag en nag geen rus nie, ook nie hulle wat die merk van sy naam ontvang het nie. Hiervoor het die heiliges volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom, en in Jesus glo. Ek het toe 'n stem uit die hemel hoor sê: 'Skryf neer! Gelukkig is die dooies wat van nou af in die Here sterf.' 'Ja,' sê die Gees, 'sodat hulle mag rus van hulle geswoeg, want hulle dade volg hulle.'" Geliefdes, die ongelowiges het die verwagting om dag en nag geen rus te ontvang nie. Gelowiges, die wat die gebooie van God nakom, sterf in die Here. Hulle is gelukkig – want dan sal hulle rus van hulle geswoeg. Die Here Jesus het gerus op die sabbatdag – toe is Sy liggaam in die graf in, en Sy Gees is na die Vader in die hemel. Ons wat gelowiges is, sterf wanneer ons werk wat die Here God aan ons gegee het, klaar is, en dan gaan ons liggame ook die graf in, en ons gees gaan ook na die hemel – dan ontvang ons ook hierdie rus – soos wat God die Vader gerus het na Sy skeppingswerk klaar was, en die Here Jesus gerus het na Sy verlossingswerk klaar was. Dit is alles moontlik omdat die Here Jesus Sy verlossingswerk voltooi het, en toe gesterf het om sodoende die rus te kon ingaan. Daarom kan ons ook verwag om die rus in te gaan.

Maar dit beteken nie dat ons onaktief sal wees wanneer ons die rus ingegaan het nie, net soos wat die Here God nie onaktief was na Sy skeppinswerk klaar was nie, en net soos wat die Here Jesus nie onaktief was na Sy verlossingswerk klaar was nie – maar dit is 'n hele nuwe onderwerp wat ons nie nou in detail kan oordink nie.